

NG Gemeente Die Paarl
Die Strooidakkerk
anno
1691

Skriba: ☎ 021-8724396
skriba@strooidak.co.za
Kassier ☎ 021 872 5384
e-pos:kassier@strooidak.co.za

Posbus 1421
Suider-Paarl 7624
faks: 021-8729370

Kantoorure: 08:00 – 13:00

AAN VOORNEMENDE HUWELIKSPARE

Die Kerkraad verwelkom u begeerte om u huwelik in die N G Kerk Die Paarl (Strooidakkerk) te laat bevestig.

Ons vertrou dat hierdie dag vir u tot groot seën sal wees. Ons begeer saam met u dat die hele plegtigheid Godgewyd en in die Naam van Christus sal geskied.

Omdat die Strooidakkerk 'n baie gewilde kerk vir huwelike is, is dit nodig dat daar bepaalde ordereëlings sal wees. Ons vra vriendelik u samewerking en begrip vir die volgende:

1. ALGEMEEN

Vir die Strooidakkerk is hierdie kerkgebou 'n baie spesiale plek waar God en gemeente gereeld ontmoet. Die kerk is baie ryk aan Christelike simboliek. Ons wil hê dat al ons besoekers bewus sal wees van hierdle simboliek en dit nie sal probeer vervang of uitskakel met "on-Christelike" gebruike nie. Met ander woorde, die kleredrag, stemming, musiek, versierings en seremonie wat saam met die huweliksdiens gepaard gaan, mag nie hierdie gewyde Christelike atmosfeer vertroebel nie. Dankie vir u bedagsaamheid.

2. U BESPREKING

U word *een kalendermaand* vergun vanaf die datum van u tentatiewe bespreking om u huweliksdatum to bevestig.

Let wel: Hierdie genoemde bespreking is slegs geldig sodra die aangehegte vorm behoorlik ingevul *saam met die huweliksfooi by die Kerkkantoor ingehandig is. Onder geen omstandighede mag daar aan die tyd waarop die huwelik sal plaasvind verander word sonder dat u die kerkkantoor geraadpleeg het nie*

3 DUUR VAN DIE SEREMONIE

3.1 Let wel: 45 Minute is vir u huweliksdiens gereserveer. Daarna het u nog 15 minute vir foto's in die kerk en om die blomme to ontruim. (Dus slegs 60 minute in totaal).

3.2 'n Vriendelike dog ernstige versoek: Wees dus asseblief betyds, moenie opsetlik laat by die kerk opdaag nie anders mag die huweliksbevestiger u huwelikseremonie noodgedwonge inkort om nie die volgende paartjie to verontrief nie. Die huweliksbevestiger sal dienooreenkomstig opdrag ontvang om binne hierdie tydsbeperking to bly! U kan nie u tyd oorskrei nie!

4. HUWELIKSFOOI

4.1 Die huweliksfooi is **R570**. Dit sluit in R270 vir die huur van die gebou, orrel en klokke, R160 vir die orrelis, R140 vir die koster. Tref asb vroegtydig self reëlings met die orrelis, Susan Groenewald by 0824512581 vir die betrokke liedere wat gespeel moet word. Hierdie bedrag sluit **nie die fooi van die huweliksbevestiger in nie.**

4.2 Tjeks is betaalbaar aan: **NG Kerk Die Paarl**
Bankbesonderhede: Nedbank, 1019291168
Tak no: 101910

4.3 Indien u u huweliksbevestiging in die Strooidakkerk minstens 6 maande voor die huweliksdatum vanaf bespreking kanselleer, is die huweliksfooi ten volle terugbetaalbaar. Indien nie, is slegs R300 terugbetaalbaar.

5. HUWELIKSBEVESTIGER

5.1 U is nie verplig om die gemeente se predikant te gebruik nie. U moet egter self met die predikant van u keuse reelings tref, die registers by hom/haar invul, hom/haar van die nodige dokumente voorsien en hom/haar ontmoet vir 'n reeks gesprekke voor die huwelik.

5.2 Die huweliksbevestiger moet 'n geregistreerde huwelikbevestiger wees

5.3 Die huweliksbevestiger moet bereid wees om die gewyde en Gereformeerde karakter van die Moedergemeente to eerbiedig

5.4 Die Kerkkantoor betaal die vasgestelde fooi aan die huweliksbevestiger.

5.5 Enige verandering van huweliksbevestigers wat die bevestiging sal waarneem, moet onverwyld by die Kerkkantoor aangemeld word.

5.6 Let asseblief daarop dat onmondiges spesiale toestemming tot die huwelik moet verkry. Persone wat 16 jaar en jonger is moet toestemming van die Minister van Binnelandse Aangeleenthede verkry

5.7 Dit bly steeds u verantwoordelikheid om die huweliksbevestiger ingelig te hou oor die diens, en ook om hom/haar weer een dag voor die bevestiging aan die troue (dag en tyd) to herinner.

6. KOSTER

6.1 Die koster is mnr Jan Munnik en is beskikbaar by 0731838238 of by sy woning, 021- 8724113 na ure.

6.2 Die koster word deur die Kerkkantoor van u huwelik in kennis gestel sodra u die aangehegte vorm en die huweliksfooi by die Kerkkantoor ingehandig het.

6.3 U moet asseblief self met die koster reel i.v.m. 'n moontlike oefenlopie, asook 'n geskikte tyd om blommerangskikkings to doen.
6.4 Dit is ook u verantwoordelikheid om weer een dag voor die huwelik die koster (soos die huweliksbevestiger en orrelis) to herinner aan u huwelik, asook van enige veranderinge aan die oorspronklike reëlings.

'n Fooi van R60 per uur word gehef indien u die dienste van die koster na kantoorure verlang. (Kantoorure: 08:00-13:00 en 14:00-!7:00).

7. ORRELIS

7.1 U is self verantwoordelik vir die deurgee van die musiek en liedere, en reël van die solis EEN maand voor die seremonie.

7.2 Kansellasie van ons orrelis se diens 48 uur voor die tyd, behou u verantwoordelikheid vir haar fooi.

7.3 Die dienste van ‘n klankoperateur, CD’s, “backtracks” en gebruik van klanktoerusting moet 1 week vooraf met die koster gereë word.

8. REëLINGS in die KERK

8.1 BLOMME.

a) Daar is 2 blomstaanders vir rangskikkings in die Kerk beskikbaar. Maar omdat daar op 'n gegewe dag gewoonlik meer as een huweliksbevestiging is, kan die beskikbaarheid van hierdie staanders nie gewaarborg word nie. U moet asb self 'n blompot/houer en moontlik 'n staander voorsien.

b) Agv die felt dat daar heel dikwels meer as een huwelikseremonie oor die naweke is, kan ons ongelukkig nie meer die vergunning toestaan dat blomme 'n dag of so voor die tyd in die kerk gerangskik word nie. U moet asb u bloemiste versoek om u blomme tuis te rangskik en dan met die koster to reël vir `n tyd wanneer die rangskikkings ingedra kan word. Die rangskikkings moet asb onmiddellik na afloop van die seremonie weer uitgedra word om ruimte to maak vir die volgende paartjie se rangskikkings. Vra asb die koster vir reëlings wat u en u bloemiste tegemoet kan kom. U samewerking word hoog op prys gestel!

c) Dit is moontlik om met die ander huwelikspaartjies saam to werk en to sorg vir 'n gesamentlike rangskikking.

8.2 KERSE:

Die Kerkgebou is onlangs teen groot koste herstel en in die lig daarvan, het die Kerkraad besluit dat daar voortaan GEEN kerse in ruikers of teen banke toegelaat word nie.

8.3 KERKBANKE

Slegs rekkies of linte mag gebruik word om versierings of blomme aan die banke vas te heg. Geen kleeflint of enige soort gom mag gebruik word nie. Alle versierings moet asseblief onmiddellik na afloop van die diens van die banke verwyder word.

8.4 KNIELKUSSINGS:

Daar is ‘n knielbankie beskikbaar. Indian u daarvan gebruik wil maak, moet u dit op die vorm ”Vir Kantoorgebruik” aandui. Sien bladsy 5.

8.5 TEKEN VAN REGISTER

Die registers word gewoonlik (nie noodwendig nie) op 'n tafel in die kerk onderteken. U is self verantwoordelik vir enige versierings (soos ruikertjie of tafeldoek) vir die tafel.

8.6 KONFETTI:

Konfetti, droë blomblare of papierlinte mag gebruik word.
Dit moet asseblief buite die kerk se hekke, op die sypaadjie uitgedeel en daar gestrooi word buite die kerkterrein asseblief!.

8.7 ELEKTRONIESE APPARAAT:

Die gebruik van elektroniese borde, verhoog mag wel gebruik word teen ‘n addisionele fooi van R220. Hierdie bedrag sluit die huur en die operateur in.

8.8 CD-OPNAMES

Hierdie fasiliteit is nog nie beskikbaar nie.

Ons het dank en waardering vir u samewerking.
Mag 1 Kor 13:13 van u waar wees!

*"En n*ou:
geloof, hoop en liefde bly,
hlerdie drie.

En die grootste hiervan is
die liefde!"

<u>Besorg asb hierdie bladsy saam met a betaling aan die Kerkkantoor</u>:

- Naam:

Bruidegom: ……

Telefoon (w)…….(h)……

Selfoon ……...

Faks ……

Bruid:

Telefoon (w)……(h)…….

Selfoon ……

Faks ……

- Adres ……

……

Kode ……

- Dag en datum van huwelik: ……../……/……
- Tyd: ……
- Huweliksbevestiger: ……
- Denominasie en gemeente: ……
    - Telefoon: ……
- Orrelis: ……
    - Telefoon: ……
- Solis: ……
    - Telefoon: ……
- Bloemiste: ……
    - Telefoon: ……
- Knielbankie: Benodig? Ja [ ] Nee [ ]
- Register: Onderteken u die huweliksregisters [B1-30]
  In kerk [ ] , in konsistorie? [ ]

- Betaal Bedrag: ……Kwit nr……
- Opmerkings: ……

  …….